# 21 Junie 2026

## Junior Kategese:  Voorskool - Graad 6

***Voorskool:** Tydens die erediens in die ou moederskamer in die kerk.*

### Groei-goggas: Die Wêreld van die Bybel

Ons leer oor die woonplekke van die mense in die Bybel.  Ons bly in huise of in woonstelle. Ons huise het byvoorbeeld skuins dakke sodat reënwater maklik kan afvloei. Daarom is dit vir ons baie moeilik om die huise van die mense wat in die Bybelse tyd geleef het, te verstaan. Baie mense het nie eens in huise gebly nie, maar in tente en hulle vloer was die sagte sand van die woestyn. Ons bou 'n huisie om die Bybelse mense se huise beter te verstaan.

***Graad 1-6:** Tydens die erediens in die kerksaal.*

### My blink ID: Wat 'n lawwe *ID*ee!

Ons hou 'n koerantpapier modeparade oor die nuutste modegiere van die seisoen. Ons en ons maats
self het soms lawwe idees oor hoe ons aantrek en wie ons nou eintlik is. Ons gebruik die Bybel om te kyk na God se ***ID***ee oor wie ons is.

Ps 8:6 "***U het die mens net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon***."

**Kategeet:   Ds Werner Schultz (084 645 1173)**

**Jeug verteenwoordiger:   Rona van Zyl (082 339 1362)**

## Senior kategese: Graad 7 – 12

Die senior katkisante kom elke Sondag na die erediens in die **konferensiekamer**, in die kerksaal byeen, behalwe skoolvakansies en langnaweke – sien kerkkalender in dié verband.

**Kategeet:   Gideon Muller (083 236 9869)**

**Kategeet:   Ds Willem Sauer (071 674 1675)**